higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2

(3011002)

23 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en ‘n antwoordboek van 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Gebruik die tabel hier onder as riglyn oor hoeveel tyd jy aan die beantwoording van elke vraag moet spandeer.
6. Toon al jou berekenings.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSGIDS
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	20	15 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	20 minute
3	Berekenings	30	20 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	50 minute
5	Oorboeking van algemene grootboek	30	30 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	30 minute
7	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	15 minute
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n … is 'n voorbeeld van 'n kleinhandeltipe onderneming.

A Loodgieter
B Koffiewinkel
C Dokterspreekkamer
D Eiendomsagent

1.2 Die … toon die tydperk waarvoor bepaalde bedrae geld verskuldig of uitstaande tenoor 'n onderneming is.

A rekonsiliasie
B grootboek
C kasboek
D ouderdomsontleding

1.3 'n Spazawinkel besit 'n afleweringsfiets ter waarde van R 2 750, kontant van R 3 500 en krediteure van R1 270. Die waarde van die eienaarsekwiteit is gelyk aan …

A R4 980.
B R6 250.
C R1 480.
D R7 520.

1.4 Mense by wie 'n onderneming voorraad op krediet koop, word 'n … -onderneming genoem.

A lener
B kassier
C debiteur
D krediteur

1.5 'n Kredietnota wat vir 'n te hoë bedrag uitgereik word, sal in die … -joernaal opgeteken word.

A krediteurekortings
B algemene
C debiteurekortings
D krediteure

1.6 Die … is die brondokument wat gebruik word om ‘n aankoopterugsending aan ‘n kredietverskaffer terug te stuur.

A debietnota
B belastingfaktuur
C joernaalbewys
D kredietnota

1.7 Wanneer ‘n klant nooit hulle rekening vereffen nadat elke moontlike poging aangewend is om betaling in te vorder, word dit ‘n … vir die onderneming.

A verantwoordelikheid
B slegte skuld
C krediet
D inkomste

1.8 Die … is ‘n bedryfsbate.

A verbandlening
B los kontant
C krediteur
D vaste deposito: perm bank

1.9 Rente op ‘n langtermynlening is ‘n … -rekening.

A inkomste
B bate
C uitgawe
D laste

1.10 ‘n Onderneming het R15 000 by die bank geleen en dit in die besigheidsbankrekening gedeponeer. Die uitwerking op die rekeningkundige vergelyking is soos volg:

A Eienaarsekwiteit styg
B Bates daal
C Laste styg
D Eienaarsekwiteit daal

1.11 Die dubbelinskrywing vir wanneer die eienaar voorraad vir eie gebruik neem, is …

A debiteer onttrekkings en krediteer bank
B krediteer voorraad en debiteer onttrekkings
C krediteer onttrekkings en debiteer bank
D debiteer onttrekkings en krediteer voorraad

1.12 … is ‘n eienaarsekwiteitsrekening.

A Bank
B Toerusting
C Kapitaal
D Voorraad

Kopiereg voorbehou

1.13 Die kasboek het betalings van R3 730, ontvangste van R5 890 en ‘n saldo afgebring van …

A R9 620
B -R9 620
C -R2 160
D R2 160

1.14 ‘n … belastingfaktuur word van ‘n verskaffer ontvang vir aankope wat op krediet gedoen is.

A Kasregisterstrokie-
B Verkoops-
C Duplikaat-
D Oorspronklike

1.15 Wanneer ‘n krediteur ‘n afslag/korting verleen, sal die krediteur se rekening in die grootboek …

A toeneem
B gelyk wees
C daal
D nul wees

1.16 ‘n Onderneming sonder winsoogmerk ontvang … om die onderneming te bedryf.

A fooie
B skenkings
C salarisse
D lone

1.17 ‘n Bankdepositostrokie is ‘n … dokument.

A eksterne
B uitgawe-
C interne
D inskrywings-

1.18 Die … staat is ‘n stawende dokument wat der die onderneming ontvang word en onttrekkings, deposito’s en ander koste aantoon.

A uitgawe-
B inkomste-
C kontantvloei-
D bank-

1.19 Die *laaste* stap in die rekeningkundige siklus is om …

A finansiële state te interpreteer.
B transaksies in joernale op te teken.
C ‘n proefbalans op te stel.
D joernale na grootboeke oor te boek.

Kopiereg voorbehou

1.20 ‘n Niebedryfsbate word vir hierdie doel aangekoop.

A Die eienaar se gebruik
B Gebruik oor ‘n kort tydperk
C Herverkoopsdoeleindes
D Gebruik in die onderneming

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die woord/term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Wanneer ‘n item met ‘n klein geldwaarde gekoop word, word betaling op ‘n … bewys opgeteken en voltooi.

2.1.2 ‘n Bankrekening raak oortrokke wanneer die onderneming in bank … gaan.

2.1.3 Die debietkant van die kasboek verteenwoordig die kontant- … van ‘n onderneming.

2.1.4 Die algemene grootboek se … -afdeling verteenwoordig die inkomste en uitgawes van ‘n onderneming.

2.1.5 Die … -afdeling van die proefbalans dui die bates en laste van die onderneming aan.

(5 × 1) (5)

2.2 Noem TWEE kenmerke van elk van die volgende tipes ondernemings, onder die volgende opskrifte:

Wat word die eienaar genoem?	Hoeveel eienaars?

2.2.1 Vennootskap

2.2.2 Privaat maatskappy

2.2.3 Beslote korporasie

(3 × 2) (6)

2.3 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.3.1	Noem al die transaksies wat in die loop van die maand vir 'n klant plaasgevind het	A	debiteurelys
		B	gedishonoreer
2.3.2	Die totaal moet gelyk wees aan die saldo wat in die debiteurekontrolerekening afgebring is	C	krediteurelys
		D	maandstaat
2.3.3	'n Tjek teruggestuur weens onvoldoende fondse	E	rente
		F	debiteure
2.3.4	Gehef op rekeninge waarvan betaling agterstallig is	G	kasboek
2.3.5	Die totaal sal gelyk wees aan die saldo wat in die krediteurekontrolerekening afgebring is		

(5 × 1) (5)

2.4 Verduidelik die:

2.4.1 doel van 'n *proefbalans*

2.4.2 term *rekeningkunde*

2.4.3 gebruik van 'n *krediteuregrootboek*

(3 × 2) (6)

2.5 Herbs Bpk. het 5 skinkborde saailinge teen R26,00 per skinkbord aan Markets BK teruggestuur, omdat die skinkborde beskadig was by aflewering.

Voltooi die debietnota no. 49 vir die transaksie op 27 Julie 2021. (6)

2.6 Gee EEN rede waarom bron- en stawende dokumente gehou en veilig bewaar moet word. (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Bereken die volgende en toon AL jou antwoorde tot TWEE desimale in die ANTWOORDBOEK.

3.1.1 Blue Ivy het 'n faktuur gestuur vir die volgende voorraad wat op krediet gekoop is, en 10% handelsafslag/korting gegee.

10 bokse gedroogde blomblare @ R95,00 per boks
18 rolle geskenklint @ R19 per rol

Bereken die totale bedrag betaalbaar op die faktuur. (6)

3.1.2 Bereken die verkoopprys van 'n item wat vir R525,50 gekoop is en een 'n winsprystoeslag van 40% verkoop word. (3)

3.1.3 Bereken die persentasie prystoeslag op 'n item as die kosprys R1 200 en die verkoopprys R1 440 is. (3)

3.2 Vines Bpk. is 'n krediteur van Olive Oils BK. Die volgende transaksies het gedurende Julie 2021 plaasgevind:

3.2.1 Voorraad is by Vines Bpk. op krediet gekoop vir R1 540 op 5 Julie 2021. Op 9 Julie 2021 is beskadigde goedere teruggestuur, vir 'n bedrag van R410. Die rekening is op 31 Julie 2021 vereffen, nadat afslag van 5% toegestaan is.

Bereken die bedrag wat betaal is om Vines Bpk. se rekening te vereffen. (4)

3.2.2 Die volgende saldo's het in Olive Oils BK se krediteuregrootboek op 31 Julie 2021 verskyn.

Garlic Farms	R530,20
Preserve Ltd	R1 420,50
Vines Ltd	**?**

Bereken die saldo op die krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek van Olive Oils BK. (4)

3.3 Op 29 Augustus 2021 is 'n tjek vir R678,50 deur Jasmine Nursery aan The Gazette uitgereik vir advertensies in die koerant. Die rekenmeester, P Mali, het die tjek gemagtig en geteken.

3.3.1 Voltooi die teenblad en die tjek om die betaling te doen, in die ANTWOORDBOEK. (7)

3.3.2 Toon die uitwerking van die bogenoemde tjekbetaling van R678,50 aan The Gazette vir advertensies op die rekeningkundige vergelyking.

Gebruik 'n '+' vir 'n toename en 'n '-' vir 'n afname en '0' vir geen uitwerking in die ANTWOORDBOEK. (3)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Roses Red Bpk. is deur Amanda Lee begin. Die onderneming dryf handel in blomme wat deur plaaslike produsente in die gemeenskap gekweek word. Die deurlopende voorraadstelsel word toegepas en ‘n prystoeslag van 50% op kosprys word gebruik.

Gebruik die inligting en brondokumente van die gegewe transaksies hier onder om inskrywings in die hulpjoernale van Roses Red Bpk. vir Augustus 2021 te maak.

GEVRA: Rond die bedrae af tot die NAASTE rand. Moet NIE die joernale afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(11)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(9)
4.3	Debieteurejoernaal	(4)
4.4	Debieteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(5)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.7	Algemene joernaal (Geen aantekeninge nodig.)	(7)
		[40]

KASREGISTEROLLE:

Kasregisterrol 151 DATUM: 4-8-2021
R 3 205

Kasregisterrol 152 DATUM: 17-8-2021
R 4 175

TJEKTEENBLAAIE:

Datum: 5-8-2021		
Aan: Mzantsi Munisipaliteit		
Vir: Water & elektrisiteit		
	R	C
Hierdie tjek	2 383	00
Tjek no: 104		

Datum: 11-8-2021		
Aan: Violet Nursery		
Vir: Handelsware – R3 000 Amanda Lee se ma – R ?		
	R	C
Hierdie tjek	3 220	00
Tjek no: 105		

Datum: 19-8-2021		
Aan: Quick Printers		
Vir: Kopieerder/Drukker		
	R	C
Hierdie tjek	2 480	00
Tjek no: 106		

Datum: 22-8-2021		
Aan: Kontant		
Vir: Kleinkas		
	R	C
Hierdie tjek	500	00
Tjek no: 107		

Datum: 28-8-2021		
Aan: Recycle BK		
Vir: Rekening van R 1 680 is vereffen. Afslag – R ?		
	R	C
Hierdie tjek	1 470	00
Tjek no: 108		

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAATKWITANSIES:

Kwitansie no: 89 **Duplikaat**

Datum: 5 Augustus 2021

Ontvang van: Amanda Lee

Betaling vir: Addisionele kapitaalbydrae

Die bedrag van: Vyf-en-twintig rand alleen

P. Iceberg
Dankie vir u ondersteuning.

R25 000

Kwitansie no: 90 **Duplikaat**

Datum: 20 Augustus 2021

Ontvang van: Aloe Nursery

Betaling vir: Vereffening van rekening – 5% afslag toegestaan

Die bedrag van: Eenduisend eenhonderd en veertig rand alleen

P. Iceberg
Dankie vir u ondersteuning.

R1 140

Kwitansie no: 91 **Duplikaat**

Datum: 28 Augustus 2021

Ontvang van: Garden Soil BK

Betaling vir: Huur van stoorplek

Die bedrag van: Drieduisend vyfhonderd rand alleen

P. Iceberg
Dankie vir u ondersteuning.

R3 500

Kopiereg voorbehou

INTERNE KANTOORMEMO'S:

	INTERNE KANTOORMEMO No: IOM11 Datum: 17 Augustus 2021
Die rekening van S. Protea vir 'n bedrag van R 896 kan as oninvorderbaar afgeskryf word, omdat die klant nie opgespoor kan word nie.	

	INTERNE KANTOORMEMO No: IOM12 Datum: 26 Augustus 2021
'n Krediteur, Urban Market, is met 'n bedrag van R1 730 gedebiteer, in plaas van Country Market. Stel die transaksiefout reg.	

DEPOSITO'S:

GLOBE BANK **Duplikaat** Depositostrokie RR42

Datum: 5 Augustus 2021

Krediet: *ROSES RED LTD*		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag	3 205	00
P. Iceberg Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. Amanda Lee	25 000	00
	2.		
6 0 4 1 2 5 4 7 0	3.		
Rekeningnommer:	**TOTALE DEPOSITO:**	28 205	00

GLOBE BANK **Duplikaat** Depositostrokie RR43

Datum: 20 Augustus 2021

Krediet: *ROSES RED LTD*		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag	4 175	00
P. Iceberg Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. Aloe Nursery	1 140	00
	2.		
6 0 4 1 2 5 4 7 0	3.		
Rekeningnommer:	**TOTALE DEPOSITO:**	5 315	00

GLOBE BANK **Duplikaat** Depositostrokie RR44

Datum: 28 Augustus 2021

Krediet: *ROSES RED LTD*		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag		
P. Iceberg Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. Garden Soil BK	3 500	00
	2.		
6 0 4 1 2 5 4 7 0	3.		
Rekeningnommer:	**TOTALE DEPOSITO:**	3 500	00

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE:

Flora Nursery



OORSPRONKLIKE Belastingfaktuur no. 985
Datum: 12 Augustus 2021
Rekeningno. EC102

Aan: ROSES RED LTD
Adres: Gardenia Road 21, Garden Valley Route

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys per bos	Bedrag
100	Bosse Rooi Rose	R80	R 8 000
50	Bosse Geel Rose	R40	R 2 000
		TOTALE BEDRAG	R10 000

Kopiereg voorbehou



ECO PACKAGING

OORSPRONKLIKE kredietfaktuur no. 211
Datum: 22 Augustus 2021
Rekeningno. E423

Aan: ROSES RED LTD
Adres: Gardenia Road 21, Garden Valley Route

Hoeveelheid	Besonderhede	Prys	Bedrag
300	Verpakkingsmateriaal	15	R4 500
		TOTALE BEDRAG	R 4 500

Motor Domain



OORSPRONKLIKE BELASTINGFAKTUUR NO. 523
Datum: 29 Augustus 2021
Rekeningno. J27

Aan: ROSES RED Bpk.
Adres: Gardenia Road 21, Garden Valley Route

Hoeveelheid	Besonderhede	Prys	Bedrag
1	Afleweringsvoertuig	R199 995	R199 995

DEBIETNOTAS:

Datum	Debietnota-besonderhede	Krediteur	Bedrag	Rede vir terugsending
13/8/2021	DN 21	Flora Nursery	R 1 750	Rose verkeerde kleur

DUPLIKAATKREDIETVERKOOPSFAKTURE:



ROSES RED Bpk.

DUPLIKAATBELASTINGFAKTUUR NO: 144

Datum: 7 Augustus 2021
Rekeningno. JR1

Aan: Mev J Rama
Adres: Blue Hills 11, Sea View, 5200

Hoeveelheid	Besonderhede	Prys	Bedrag
3	Bosse blomme	R200 elk	R 600
		TOTALE BEDRAG	R 600



ROSES RED Bpk.

DUPLIKAATBELASTINGFAKTUUR NO: 145

Datum: 24 Augustus 2021
Rekeningno. ZK41

Aan: Mnr Z Khumalo
Adres: Lagoon Straat 16A, Ocean Heights, 5200

Hoeveelheid	Besonderhede	Prys	Bedrag
20	Verskeie blommerangskikkings vir ‘n troue	R 200 elk	R 4 000
		TOTALE BEDRAG	R 4 000

KREDIETNOTAS:

Datum	Kredietnota-besonderhede	Debiteur	Bedrag	Rede vir terugsending
10/8/21	KN10	J. Rama	R 200	Verkeerde blomme afgelewer

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Lavender's Green het die volgende inligting uit sy boeke op 31 Augustus 2021 gebruik om die algemenegrootboekrekenings op te stel.

Gebruik die saldo's en totale wat uit die hulpjoernale hier onder verskaf is om SLEGS die algemenegrootboekrekenings wat aangedui word, op te stel:

5.1 Debieteurekontrole (Balanseer die rekening) (7)

5.2 Handelsvoorraad (6)

5.3 Krediteurekontrole (Balanseer die rekening.) (6)

5.4 Afslag toegestaan (Balanseer die rekening.) (5)

5.5 Herstelwerk (Balanseer die rekening.) (4)

5.6 Rente-inkomste (2)

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL **KOJ1**

Bank	Verkope	Koste van Verkope	Debiteure-kontrole	Afslag toegestaan	Diverse Bedrag	Besonderhede
43 095	35 700	25 500	9 690	270	975	Rente-inkomste

KONTANTBETALINGSJOERNAAL **KBJ1**

Bank	Handelsvoorraad	Lone	Krediteure-kontrole	Afslag ontvang	Diverse Bedrag	Besonderhede
41 170	31 240	3 100	5 890	580	1 520	Herstelwerk

DEBITEUREJOERNAAL **DJ1**

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteure-kontrole	Verkope	Koste van verkope
		Totaal	14 700	14 700	10 500

DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL **DKJ1**

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteure-kontrole	Debiteure-kortings	Koste van verkope
		Totaal	2 660	2 660	1 900

KREDITEUREJOERNAAL **KJ1**

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteure-kontrole	Handels voorraad	Verpakkings materiaal	Diverse bedrag	Besonderhede
		Totaal	8 700	4 100	3 400	1 200	Herstel werk

KREDITEUREKORTINGSJOERNAAL **KKJ1**

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Verpakkings-materiaal	Diverse bedrag	Besonderhede
		Totaal	1 330	1 100	230		

ALGEMENE JOERNAAL **AJ1**

Datum	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediet	Debiteure-kontrole		Krediteure-kontrole	
					Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
31	P Rose		60		60			
	Afslag toegestaan			60				
	Afslag is gekanselleer weens laat betalings deur die klant.							

[30]

VRAAG 6

Die volgende saldo's het in die boeke van Carnation City op 31 Julie 2021 verskyn. Gebruik die inligting hier onder om die volgende op te stel:

6.1 Handelsrekening op 31 Julie 2021 (5)

6.2 Wins-en-verliesrekening op 31 Julie 2021 (11)

6.3 Balansstaat soos op 31 Julie 2021. Voltooi SLEGS die aantekening soos dit in die ANTWOORDBOEK vereis word. (14)

Algemenegrootboekrekenings	Bedrag	Dt/Kt
Kapitaal	R40 000	KT
Onttrekkings	R4 700	DT
Afleweringsvoertuig	R89 000	DT
Toerusting	R35 600	DT
Debiteurekontrole	R14 350	DT
Voorraad	R6 220	DT
Bank	R42 850	DT
Kleinkas	R500	DT
Los kontant	R1 000	DT
Krediteurekontrole	R4 540	KT
Verkope	R287 300	KT
Koste van verkope	R61 500	DT
Debiteurekorting	R5 050	DT
Afslag ontvang	R2 950	KT
Huuruitgawe	R25 000	DT
Lone	R24 500	DT
Reklame	R2 320	DT
Internetkoste	R7 300	DT
Rente-inkomste	R3 430	KT
Water en elektrisiteit	R8 690	DT
Brandstof	R9 640	DT

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Flowers of the Valley is 'n kleinhandelaar wat blomme en skryfbehoeftes verkoop. Dit gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

Toon die uitwerking van die volgende transaksies op die rekeningkundige vergelyking EN die hulpjoernaal wat gebruik word. Gebruik 'n '+' vir 'n toename en 'n '-' vir 'n afname en '0' vir geen uitwerking.

Voorbeeld:

1. M Tutu het sy rekening van R500 ter volle vereffening betaal.

No.	Hulp-joernaal	Algemenegrootboekrek.		Bates	Eienaars-ekwiteit	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	Kontantontvangstejoernaal	Bank	Debiteure-kontrole: M Tutu	+R500 -R500	0	0

7.1

Flowers of the Valley

INTERNE KANTOORMEMO

No: 21

Datum: 1 Julie 2021

S Nduku se rekening is verkeerdelik gekrediteer met 'n betaling wat ontvang is, in plaas van S Mandla se rekening, vir R375. Stel die fout reg. (5)

7.2 Op 6 Julie 2021 is die telefoonrekening per tjek no. 78 betaal vir 'n bedrag R580 aan Cell.Com. (5)

7.3

Flowers of the Valley

Kwitansie no: 36

Duplikaat

Datum: 16 Julie 2021

Ontvang van: Mnr Spekboom
Betaling vir: Huur van kantoorruimte
Die bedrag van: Drieduisend rand alleen

J Lilly Met dank.	R3 000

(5)

7.4 'n Verskaffer, Crafty Paperworks, het 'n oorspronklike faktuur no. 54, gedateer 22 Julie 2021, gestuur die skryfbehoeftes wat op krediet gekoop is, vir 'n bedrag van R 1 130. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou